# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
## NOVEMBER EKSAMEN 2015

## VRAESTEL 2

## GRAAD 11

**TYD: 2 Uur** **PUNTE: 70**

**INSTRUKSIES:**

1. Beantwoord al die vrae in hierdie vraestel.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Kortverhale [35]
   AFDELING B: Gedigte [35]

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

5. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute per afdeling.

6. Alle antwoorde moet in STANDAARD AFRIKAANS beantwoord word en nie in 'n ander taal nie.

7. Skryf netjies en leesbaar.

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye**

**AFDELING A: KORTVERHALE**

**BEANTWOORD AL DIE VRAE IN HIERDIE AFDELING**

**VRAAG 1: Bottervisse in die jêm - Deon Meyer**


Lees die volgende uittreksel noukeurig deur en beantwoord al die vrae wat volg.


"Dit is baie deurmekaar hier," is sy eerste woorde aan my. Hy staan teen die kosyn van die skuifdeur aangeleun, sy hande in sy sakke, 'n diep frons tussen die oë wat deur die vertrek dwaal.

Ek bring die kwas tussen palet en doek tot stilstand, ongewoond aan besoekers, krities of onkrities.

"Wie is jy?" vra ek met 'n stemtoon wat hom moet laat verstaan ek hou niks van kinders nie.

"Ek is Buks Barnard, ek woon daar in Dolce Vita vier-een-ses en ek is soveel," sê hy sy rympie met vier vuil vingertjies in die lug, onbëindruk deur my stemtoon.





1.1 Hoe oud is Buks Barnard? 1

1.2 Haal twee APARTE woorde aan wat vir ons sê dat Christo 'n skilder is. 2

1.3 Waarvan het Christo eerste gehou toe hy Buks se ma ontmoet het? 1

1.4 Waarna verwys die woord "Bottervisse" in die titel? 1

1.5 Buks se pa is op 'n besigheidsreis.

Stem jy saam met bogenoemde stelling? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. 1

1.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

Buks gee vir Christo 'n Mozart CD om na te luister

A. want hy weet Christo geniet klaviersonates
B. want sy ma sê die musiek sal enigiemand weer sag maak
C. wanneer hy sy lotus oefeninge doen.
D. want dit is sy ma se gunsteling musiek. 1

1.7 Pas die woorde in KOLOM B by die naam/woord in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.7.1 Christene | A. Buks was die inspirasie |
| 1.7.2 Monica | B. Hou van Walt Disney flieks |
| 1.7.3 *Wasgoedvrou* | C. Rekenmeester |
| 1.7.4 *Seun met die bal* | D. 'n Vorige meisie van Christo |
| | E. Skildery van baie vroue wat wasgoed was. |

4

1.8 Waarheen neem Christo, Buks se ma vir hulle eerste afspraak? 1

1.9 Hoe het Buks geweet dat Christo en sy ma tot laat een aand gekuier het? 1
[13]

Beantwoord al die vrae.

**Beste Chris**

**Ek gaan met die deur in die huis val. Daar is iemand hier op die Bos wat baie in my belangstel. Ek wil steeds jou vriend wees en dalk, eendag, weer meer as vriende. Maar vir nou moet ek vra dat jy sal besef hy is nader.**
**Ek sal later weer meer skryf, want ek weet jy sal wil aanhou briewe kry.**
**Natalie**



2.1 Wat noem ons hierdie tipe brief? 1

2.2 Wat het Natalie anders as die ander meisies gemaak? 1

2.3.1 Wie wou nie dat Natalie saam met hom Dover toe gaan nie? 1
2.3.2 Wat het Chris toe amper gedoen? 1

2.4 Watter baie bekende boek, waarvan daar later 'n film gemaak is, is in Dover geskryf? 1

2.5 Waaroor het Natalie meestal in haar vorige briewe geskryf? Noem 2 dinge. 2

2.6 Wat en waar is die "Bos"? 1

2.7. Chris wou baie graag Dover toe gaan.

2.7.1 Was Dover so wonderlik soos hy gehoop het? Motiveer. 1
2.7.2 Watter werk het Chris in Dover gedoen? 1
2.7.3 Was hy suksesvol in sy werk? Motiveer. 1

2.8 Watter werk wou Chris eendag doen? 1

Het so gebloos ;-( T bang v bel ;-o Dankiex 10! Jy tog engelman!
Asb ja v Londen. Maar stadig vat asb ;-) SMS weer as minder bloos

Silina x x x



2.9 Hoe het Chris vir Silina ontmoet? 1

2.10 Silina noem Chris 'n engelman.

2.10.1 Hoekom noem sy hom dit? 1
2.10.2 Waarom verwys Chris na Silina as 'n engel? 1

2.11 Waarom het Chris **dadelik van** Silina gehou? 1

2.12 Wat vind Chris later in die motor uit het hy en Silina in gemeen? 1

2.13 Watter uitnodiging van Chris word deur Silina aanvaar? 1
[18]

**<u>VRAAG 3: Donker nag</u>**

Lees die volgende teks deur en beantwoord al die vrae wat volg.

**Die bliksemstraal en die donderslag tref die boom langs die restaurant gelyktydig. Toe is dit donker. Klara laat die skinkbord met leë borde donderend val. Dan is dit stil. Al wat sy in die flikkerende kerslig sien, is die paar verskrikte gesigte van die mense**



**wat nog in die restaurant sit.**
**"Die krag is af," .....**

3.1 Waarom het Klara die skinkbord laat val? 1

3.2 Kies die sin uit KOLOM B wat by by die inligting in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer en letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.2.1 Man met reënjas | A. Het 'n geweer in sy hande |
| 3.2.2 Man by tafel 4 | B. Het 'n litteken op sy gesig |
| 3.2.3 Man by tafel 6 | C. Word deur weerlig doodgeslaan |
| 3.2.4 Man met klapmus | D. Bly in 'n studentehuis |
| | E. Johan Stander |

4

3.3 Klara het 'n klein motortjie as vervoer gebruik. Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. 1

3.4 Wat het Klara uit Isabel se laai geneem vir beskerming? 1

3.5.1 Wie was die inbreker? 1


3.5.2 Hoe weet ons dit? 1

3.6 Watter les kan die leser uit hierdie verhaal leer? 1

[10]



**Vraag 4: Filmstudie (Semi-soet)**







Pas die omskrywing in KOLOM B wat by KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.1 Mojo | A. Vryers voetpad |
| 4.2 Die "jakkals" se prokureur | B. Jaci van Jaarsveld |
| 4.3 Dit waarvoor Mojo en Synergy Kompeteer | C. Wynstreek in die Kaap |
| 4.4 1998 was 'n spesiale oesjaar vir oom Andries | D. Hertjie |
| 4.5 Vrede en Lust se nuwe vlagskip wyn | E. Advertensieveldtog vir Vrede en Lust |
| | F. Oom Andries se vrou is oorlede |

[5]



(35)

**AFDELING B: GEDIGTE**


**Vraag 1: in en uit [André Letoit]**

**in en uit**

ek wil wys wees
sonder om oud te word
ek wil 'n vrou trou
ek wil my kinders se hande vashou
maar ek wil nooit middeljarig senlel
in my onderbroek sit en koerantlees nie

ek wil god leer ken
maar ek wil nie kerk toe gaan nie
ek wil dans en kerjol
maar ek wil nie as 'n vuilbaard dronklap vrek nie
maar as ek dan móét sterwe
gaan ek liewers reguit dood

as om my hele lewe lank stadig oud te word
agter 'n lessenaar met 'n afgekoude pen
en twee draadmandjies
wat weemoedig uitroep
: in en uit




VRAE:

1.1 Verduidelik die titel. 1

1.2 Waar sal 'n mens gewoonlik draadmandjies vind? 1

1.3 Haal een voorbeeld van alliterasie uit strofe 1 aan. 1

1.4 Die spreker is 'n getroude man.
Stem jy saam met bogenoemde stelling? Motiveer deur een versreël aan te haal. 1

1.5 Waarom word die woord "maar" so baie in hierdie gedig herhaal? 1

1.7 Kies die korrekte woord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Hierdie is 'n satiriese gedig want die spreker

A. is sarkasties
B. gee 'n onmoontlike lewenslys
C. probeer 'n universele gedig skryf
D. spot met die lewe 1

1.8 Aan watter dier herinner die woord "vullbaard" ons? 1

1.9 Watter beeldspraak vind ons in versreël 16? 1

1.10 Watter 2 woorde in strofe 3 dui op die spreker se frustrasie in sy werk? 1

[10]

**Vraag 2: Sefapano [Johann Lodewyk Marais]**

Kruis
na die
opslaan
ons oë
waarheen ons
op die berg
*ditapole*
*mokopu*
*poone*
*dikgoho*
*dipodi*
*dipere*
*dikgomo*
vir reën
gaan bid
sing
met 'n stok
agter die *moruti*
werksklere
mans in
komberse
vroue met kopdoeke
stofbesaai
deur die suurveld
beweeg
begin die stoet
kom hulle bymekaar
van Hlomisa
aan die voet



Vrae:

2.1.1 Watter soort gedig is "Sefapano"? 1
2.1.2 Waarom word die gedig só genoem? 1

2.2 Noem twee tipe diere wat in die gedig genoem word. Jou antwoord moet in Standaard Afrikaans wees. 2

2.3.1 Watter woord is die hoogtepunte van die gedig? 1
2.3.2 Noem een manier waarop hierdie woord beklemtoon word as die hoogtepunt van die gedig. 1

2.4 Wat is 'n "moruti"? 1

2.5 Haal een woord aan wat 'n negatiewe beeld van die omgewing skep. 1

2.6 Om watter rede stap hierdie mense teen die berg op? 1


2.7 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Die woord "stoet" in die gedig verwys na

A. 'n klomp mense wat agtermekaar loop.
B. 'n klomp malende mense in 'n winkelsentrum
C. 'n klomp mense in'n parkade
D. 'n klomp skoolkinders wat berg klim. 1

[10]

**Vraag 3: Wetenskapmannetjies [Angie Krog]**





Wetenskapmannetjies

Julle sit onder swart teleskope
en kyk na die son
tot julle besef dat julle nooit daar sal kom.
Patetics bepaal julle dan ligjare
en vertel dat die son as't ware
inkrimp en eendag gaan verdwyn.

Ons sit maar hoog op die windpomp
en kyk hoe die son sy kop stamp
teen die rant
hoe hy bloei
hoe die vaal lug glooi
hoe die bome tot silhoeëte verskroei.

Daarom liewe menere, teken ek klawertjies
tussen my huiswerk, kry ek 26%

want ek luister eerder na
die verdwaalde korhaan
tussen die bossies by die tennisbaan
en kwadreer liewer my vreugdes
en vind dan die logaritme van my hartseer
want syfers bring 'n eensaamheid
wat geen mens kan keer.

VRAE:

3.1 Hoekom word die verkleinwoord "Wetenskapmannetjies gebruik? 1

3.2 Wie is die "julle"? 1

3.3 **"tot julle besef dat julle nooit daar sal kom"**

Waar sal die "julle" nooit uitkom nie? 1

3.4 Die spreker dink dat die wetenskaplikes goeie werk doen.

Stem jy saam met bogenoemde stelling? Sê Ja of Nee motiveer jou antwoord deur EEN woord aan te haal. 1

3.5 Haal TWEE APARTE WOORDE aan om te sê wat die wetenskaplikes dink gaan met die son gebeur. 2

3.6 Hoekom sit die "ons" op die windpomp? 1

3.7 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer.

"teen die rant
hoe hy bloei" is 'n voorbeeld van

A. 'n metafoor
B. 'n vergelyking
C. personifikasie
D. alliterasie 1

3.8 Haal EEN WOORD aan wat vir ons sê dat die spreekster nog op skool is. 1

3.9 Die "klawertjies" is 'n simbool van voorspoed en geluk. Waarom dink jy teken sy dan klawertjies tussen haar huiswerk? 1

3.10 Watter beeldspraak kry ons in "**en vind dan die logaritme van my hartseer**" ? 1


3.11 Tot watter gevolgtrekking kom die spreker in die laaste strofe oor syfers?

Beantwoord die vraag deur die volgende sin te voltooi.

Die spreker kom tot die gevolgtrekking dat syfers net..........bring. 1

[12]

**Vraag 4: Nag in Kentucky Fried Chicken - [André Letoit]**
[ek laat jou agter]




www.shutterstock.com · 205498558

Om 'n geslaagde selfmoord te beplan
Is selfs moeiliker as 'n kinderpartytjie.
Ek is nie goed met afskeidsnotas nie
En boonop kan ek nie
Aan 'n goeie rede dink nie.
Ek is nie verveeld nie
Ek voel nie depressief nie
Die lewe is nie sinloos nie
Ek het nie eers 'n meisie
Wat my kan verwerp nie.
Ek het vrede met die maatskappy
Ek groet polisiemanne in die verbygaan.
Ek is normaal wanaangepas.
Niemand haat my nie.
Ek het geen dringende armykampe nie.
My sekslewe is gevarieerd en redelik opwindend
Maar

Ek wil nooit weer die WP sien verloor nie

Vrae:

1. Kies uit KOLOM B die inligting wat by KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer en letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.1.1 "normaal wanaangepas" | A. Ek het vrede met die maatskappy |
| 4.1.2 Kentucky Fried Chicken | B. "Maar" |
| 4.1.3 Die toon van die gedig | C. Die spreker se gunsteling rugbyspan het 'n wedstryd verloor |
| 4.1.4 Die spreker het 'n werk | D. Kitskos eetplek |
| 4.1.5 Die gedig is voor 1994 geskryf | E. Die spreker het baie om voor te lewe |
| 4.1.6 Sy lewe is nie sinloos nie | F. "Geen dringende armykampe" |
| 4.1.7 'n Wending word aangedui | G. Oksimoron |
| 4.1.8 Die eintlike rede vir die selfmoordbrief | H. 'n Onverwagte einde |
| | I. Humoristies |

[8]

**Verwerk 40 na** (35)

GROOTTOTAAL: 70

**STERKTE!!**